# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*



**30 Augustus 2026**

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie welkom by vanoggend se Tiende Dankofferfees
## Dit is lekker om jou en jou gesin hier te hê.

Kuier jy vandag by Hoogland of sluit jy as nuwe lidmaat aan?
Kom maak gerus kennis by die info@PEHoogland-tafel in die voor-portaal en kry gerus ná die erediens 'n koppie koffie.
Die leraar(s) wil jou graag ontmoet.

**Vir meer inligting:**

Besoek asb die *webblad* www.pehoogland.co.za → Ek wil → Lidmaat word, stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325, neem 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurevakkies of kontak Annalize by die kerkkantoor.

# Program van die dag

**09:00** Oggenddiens : Tiende Dankofferfees - Ds Pieter Nel
**10:00** GVG in onderskeie lokale

*Deurkollekte: Tiende Dankoffer*

# Algemeen

## Program vir die week:

Dinsdag: 1 September
09:30 Bybelstudie oor Vergifnis
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:00 Bybelstudie oor Vergifnis

Woensdag: 2 September
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 4 September
05:15 Mannebyeenkoms
VETKOEK Vrydag!!

## Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland dink aan al die Matrieks wat besig is met hulle rekordeksamen, maar ook aan elke kind en student wat tans eksamen skryf. Mag julle elke dag met rustigheid, wysheid en vertroue aanpak – daar word saam met julle gebid!

## ONTHOU :

Vir enige navraag, kaartjiebespreking, kosbestelling, WOW-bespreking, Gebedsversoek of ander kommunikasie kan jy altyd Hoogland se *WhatsApp*-nommer 079 815 9325 gebruik.
ALLE boodskappe word privaat en vertroulik deur die kerkkantoor hanteer en daar sal met jou bevestig word sodra jou navraag aandag geniet het.

### Vetkoek Vrydag

Bestellings sluit
Woensdag, 2 September om 12:00 !
BESTEL sommer vandag nog.

### Gebeds Seminaar :19 September

Met Stephan Joubert & Betsie Joubert
Daar is nog kaartjies beskikbaar - kontak Caroline of vir Annalize in die kerkkantoor.

### WOW - Wyn op Woensdae

Reekstema : KOMMUNIKASIE
Begin NOU Woensdag, 2 September
Jy moet bespreek!
Navrae gesels met Leandra

### GOLFDAG

Golfers is jou 4-bal al ingeskryf?
Ons is nog opsoek na borge vir die bowwe en na pryse.
Gesels gerus met Richard Moore




Vandag vier Hoogland Tiende Dankofferfees – 'n besondere oomblik op die geloofspad wat deur Augustus saam gestap is.

Dankie aan elkeen wat iewers stil geword, gebid, geluister en vandag in geloof gereageer het. Elke dankoffer is soveel meer as 'n bydrae – dit is 'n geloofsreaksie van dankbaarheid en vertroue in God se goedheid en voorsiening.

Mag elke dankoffer wat vandag gebring word, gebruik word om geloof deur liefde tot dade te laat leef – hier by Hoogland en ver daarbuite.

GVG-maats en jongmense, dankie dat julle met julle OP PAD-kaarte en koevertjies ook deel van hierdie geloofspad is.

Mag vandag bo alles 'n viering wees van God se trou en goedheid – die Een uit wie se hand alles kom.

## Kerkraad: Is die Here dalk besig om jou te roep?

Daar is die volgende vakatures op Hoogland se Kerkraad.

- Multimedia (klank/data/kamera & direkte beeldsending)
- Behoort / Gemeenskap (Verwelkoming by die deure / Koffie bediening)
- Insluiting (*Divorce Care/*Nuwe Lidmate verwelkoming)
- Visie (Kerkraad)

Nominasievorms is beskikbaar in die brosjurehouers of kan by Leandra (leandra@pehoogland.co.za ) in die kantoor aangevra word. Voltooide vorms kan tot **Maandag, 7 September om 12:00** by die kerkkantoor ingehandig of per e-pos na leandra@pehoogland.co.za gestuur word.

Mag hierdie proses met gebed en onderskeiding gepaard gaan, in vertroue dat die Here die regte mense sal roep om met liefde, wysheid en diensbaarheid leiding te neem.

## Uit die hart:

Ek skryf hierdie week se Uit die hart … vanuit die pragtige Rawsonville. Hier is ons so 650 leraars bymekaar vir ons SAAMkoms - na 21 jaar weer. Die tema is SAAM en dit is presies wat hier gebeur: ons kom saam; ons bid saam; ons aanbid saam; ons leer saam en luister saam. Ons gesels baie, lag baie en soos dit maar met predikante gaan wanneer hulle bymekaar is, eet ons ook baie saam!

Dit is juis saam om die etenstafel wat ek 'n sinvolle gesprek aanknoop met 'n leraar. Sy vertel dat sy onlangs statistiek raakgesien het oor die omvang van die NG Kerk se barmhartigheidswerk in Suid-Afrika. Volgens die syfer wat sy gesien het, dra die NG Kerk jaarliks ongeveer R1,4 biljoen tot barmhartigheidswerk in ons land by.

Dit is meer as enige ander organisasie. Ons verkondig dit nie. Ons verf dit nie op 'n seil van 'n lorrie of skryf dit op die voorblad van die koerant sodat almal kan sien wat ons doen nie. Die kerk bestaan immers nie om aandag op haarself te vestig nie.

Die gesprek laat my besef: die kerk los 'n spoor. Dikwels 'n spoor wat ons self nie eers raaksien nie. Die spoor loop deur gemeentes en deur gewone mense: mense wat bydra, kos maak, kinders help, by siekes gaan sit, reageer wanneer daar nood in die gemeenskap is.

Sondag vier ons by Hoogland ons Dankofferfees en ons tema is juis: Los 'n spoor.

Die gemeente in Filippi het vir Paulus ondersteun. Paulus bedank hulle daarvoor, maar dan sê hy iets besonders: "Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker."

Miskien is dit ook 'n goeie manier om oor ons eie dankoffers te dink. Ons dink maklik volgens 'n ekonomie van meer en minder: as ek iets weggee, het ek minder oor. Maar God se genade-ekonomie werk anders. Ek plaas iets van wat Hy aan my toevertrou het terug in Sy hand en Hy gebruik dit om iets te doen wat veel verder as ekself strek.

Sondag bring ons daarom nie bloot 'n dankoffer nie. Ons vertrou iets aan God toe met die gebed: Here, gebruik ook dit wat ons gee om U spoor van genade, liefde en hoop verder deur hierdie wêreld te trek.

…Pieter